ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper **AFRIKAANS ₹ 10/-**

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: **S. SAM SELVA RAJ** **- In 16 Tale** ***Mederedakteur:*** **Sr. Marietjie Nelson**

Vol. XIV **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, JANUARY 2021** **No. 8**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

JESAJA 41:11-17

11. Almal wat teen jou te kere gaan, sal teleurgesteld staan en die aftog blaas. Jou teëparty sal soos niks word, hulle sal omkom.
12. "Jy sal dié soek wat teen jou veg, maar hulle sal nêrens te vinde wees nie; dié wat teen jou oorlog maak, sal word soos niks, soos iets wat nie bestaan nie.
13. Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ék help jou.
14. Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. So sê die HERE, jou Verlosser, die Heilige van Israel:
15. Ek maak jou 'n skerp dorsslee, 'n nuwe met baie tande; jy sal berge dors en fynmaal, jy sal van rante kaf maak.
16. Die hulpeloses en die armes soek water, maar daar is nie; hulle versmag van dors. Maar Ek, die Here, sal hulle gebede verhoor, Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie.
17. Ek sal op die kaal bergtoppe riviere laat ontspring, en in die laagtes fonteine laat uitborrel. Ek sal woestyngebied in rietvlei verander, dor land in fonteinwêreld.

DIE HERE SE GETUIENIS TEENOOR DIE NASIES!

- Ds. David Wilkerson

"En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom" (Matteus 24:14)**.**

Baie mense in die kerk probeer vandag die nabyheid van Christus se terugkoms vasstel deur die tekens van die tye te lees. Ons sien sulke tekens in spesifieke gebeure – byvoorbeeld die terugkeer van die Jode na Israel. Tog is een van die duidelikste stellings wat Jesus oor sy tweede koms gemaak het, vervat in die vers hierbo: Die einde sal eers kom nadat die evangelie aan alle nasies verkondig is -- as 'n getuienis.

Die woord wat Jesus gebruik vir "getuienis" in die vers is dieselfde Griekse woord wat gebruik word vir "getuienis in die hof". Dit beteken letterlik "bewys van die feit". Chtistus praat hier nie net oor die verkondiging van die evangelie nie, maar as die aanbieding daarvan as 'n getuienis. Kortliks, sê Hy, die evangelie wat ons verkondig is slegs effektief as dit gerugsteun word deur 'n lewe wat getuig van die realiteit daarvan.

'n Mens sou dink dat in Amerika, 'n nasie wat gevul is met duisende evangeliese kerke, daar 'n sterk evangeliese getuienis sou wees. Net in een groot stad in die suide is daar meer as 2,000 evangeliese kerke, een met 'n ledetal van meer as 15,000 mense.

Maar baie sulke kerke het die goeie naam van die ware evangelie van Christus aangetas. Egskeidings is volop in hulle gemeentes. En baie van hulle jong enkellopendes lei permissiewe, aktiewe seksuele lewens. Hoe kan dit wees? vra julle. Die feit is, met al die evangeliese prediking in baie van hierdie megakerke, is daar baie min getuienis van Christus as die Here in die lewens van mense wat dit rugsteun. Hulle is nie ware getuies teenoor die stad of die nasie nie.

Natuurlik is daar

... verv. op bls. 3

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

OUR MISSION POLICY

Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



"… Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie" (Jesaja 58:11).

Geliefde Broers en Susters in die Here,

Ons bring vir julle groete in die mees verhewe Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Ons wens julle 'n geseënde en voorspoedige nuwe jaar, 2021, toe. Ons wonderlike Verlosser wat tot dusver saam met julle gereis het, sal ook in die nuwe jaar met julle wees. **"God is getrou, Hy wat julle geroep het …"** God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here (1 Korintiërs 1:9). Dit is dus ons verantwoordelikheid om Hom te loof en van harte te dien. **Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig (Jesaja 43:21).**

Te midde van verskillende soorte moeilikhede vanweë die pandemie, beskerm die Here God ons lewens. Ons moet dus dankbaar wees teenoor Hom. Die Here Jesus Christus voorsien in genade in ons behoeftes. In die pas afgelope jaar het Hy ons gehelp om nuwe bedienings te begin vir die uitbreidingf van sy Koninkryk. Deur die genade van God kan ons beperk voortgaan met ons bedienings, nl. Kerke, Hoërskool, Bybelkolleges terwyl ons die reëls en regulasies van die regering nakom.

God het ons in staat gestel om te begin met die publikasie van 'n nuwe uitgawe van **Echo of His Call** in Manipuri as die 17de taal. Dit is die amptelike taal van **Manipur**, 'n staat in Noordoos-Indië. Ons dank God vir die Mederedakteur, Ds. Dr. Rishikanta Sorokhaibam, wat na vore gekom het om die evangelie na sy Manipurisprekende mense te neem deur ons dienswerk. Ons verwelkom hom en sy gesin om aan te sluit by die **Echo of His Call-familie!**

Toe die Here Jesus Christus ons aangespoor het om te begin met die publikasie van **Echo of His Call** in die vroeë dae, het ons genadiglik verlof van die regering gekry vir die publikasie van **Echo of His Call** ook in die vlogende vier meer Indiese tale:

Kashmiri
Sindhi
Konkani en
Sanskrit

Maar ons kon nie die tydskrif in hierdie tale publiseer nie weens die gebrek aan fondse en ander moeilikhede. Nou dink ons daaraan om uit te vind

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

Hd. Qrs. CO-ORDINATORS
Bro. John Rodrigues
Sis. E. Daisy Rani

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

wat die moontlikhede is om die publikasie van **Echo of His Call** uit te brei na die vier bogenoemde tale, waardeur ons die meeste mense van Indië kan dek met die goeie nuus van die Here en Redder, Jesus Christus.

Om hierdie groot visie te kan vervul, het ons eerstens getroue en toegewyde mense nodig om hande te vat met ons om te bid vir hierdie groot poging en tweedens benodig ons die regte mense om na vore te kom om die **vertaalwerk en DTP vir Echo of His Call** te doen in hierdie tale.

Aangesien jy al vir jare 'n leser, gebedstryder en ondersteuner is van Echo of His Call vra ons jou opinies en koördinasie vir die publikasie van Echo of His Call in hierdie vier ekstra tale. Jou voorstelle en opinies sal ver gaan om by die onbereikte mense te kom wat die tale Kashmiri, Sindhi, Konkani en Sanskrit praat.

Hoewel dit baie moeilik is om hierdie onbereikte gemeenskappe by te kom, voel ons dat ons nie die visie van ons bediening moet afwater totdat die laaste mens in hierdie wêreld bereik is en geleer het dat HERE JESUS CHRISTUS sy / haar Verlosser en God is nie. "Israel, julle is my getuies, sê die Here, en ook my dienaar wat Ek uitverkies het sodat julle My kan ken en in My kan glo en kan besef dat Ek die Here is. Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook nie een wees nie. Ek, Ek is die Here, buiten My is daar geen redder nie. Ék het die redding aangekondig, Ék het gered en dit laat verkondig, Julle is my getuies, sê die Here, en Ek is God. Ook hierná is Ek nog God. Uit my mag kan niemand gered word nie. Wat Ek doen, kan niemand ongedaan maak nie. So sê die HERE, jou Verlosser, die Heilige van Israel: Om julle ontwil stuur Ek iemand teen Babel en laat Ek al sy inwoners, die Galdeërs, vlug met dieselfde skepe waarop hulle hulle vroeër beroem het. Ek is die Here, julle heilige God, die Skepper van Israel, julle Koning. So sê die Here, Hy wat 'n pad gemaak het deur die see, 'n deurgang deur die magtige waters" (Jesaja 43:10-16).

Ons wag op julle reaksie op hierdie brief.

My gebed vir julle is dat God in hierdie nuwe jaar, 2021, julle meer en meer sal seën en in staat stel om voorwaarts te gaan met nuwe mag en krag, wysheid en 'n lang lewe.

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,

S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls. 1

uitsonderings. In die spesifieke stad waaraan ek nou dink, het 'n handjievol jong predikante begin om baie tyd op hulle knieë voor die Here deur te bring. En as hulle nou God se Woord verkondig, praat hulle met krag en gesag. Die evangelie wat hulle preek, word gerugsteun deur 'n getuienis van 'n intieme verhouding met Christus en 'n heilige lewenswyse. En hulle begin nou die verskil sien in die gemeentelede se lewens.

Ek dink ook nou aan 'n Baptistepredikant wat eenkeer beplan het om 'n groot nuwe gebou op te rig. Sy gemeente was vinnig besig om te groei, en hy het begin om 'n studie te maak van die groeibeweging in die kerk. Maar toe is sy vrou beweeg om te begin om die Here te soek, en gou daarna het dit pastoor dit ook gedoen. Hy het gou sy droom laat vaar vir groot getalle en begin om 'n getuie te wees van wat hy gepreek het.

Vir 'n onlangse preek het die pastoor 'n groot skerm voor in die kerk opgesit. Hy het vir sy gemeente gesê, "God se Gees het met my gepraat oor die sondes van hierdie kerk. En vandag gaan ons dit voor ons eie oë sien!"

Daarna het die pastoor sonde na sonde op die skerm geflits, owerspel, egbreuk, alkoholisme, dwelmmisbruik, pornografie. Toe het hy sy preek begin: "Ons gaan nie nou begin om 'n groot kerk te bou nie. Ons moet Christus se lewende tabernakel in orde kry voordat ons iets anders kan doen. Ons moet eers hierdie evangelie lewe!"

Vandag werk die Gees van God op 'n kragtige manier in daardie kerk. Mense stroom na die Here om hulle lewens reg te kry – want hulle hoor 'n evangelie met 'n getuienis daaragter!

Ek is verstom en verslae oor die tientalle predikante, sowel jonk as oud, wat oor die wêreld heen storm om te soek vir strategieë om groei in hulle kerke te bewerk. Baie predikers woon vandag seminare by, en konvensies en "dinkskrums". Daar vertoon jong professionele mense uit die bediening grafieke en meningsopnames om hulle te wys hoe om groter kerke te bou. Ander predikante stroom na "herlewings"

Echo of His Call Bedieninge word ondersteun deur die inskrywings van lesers op die **Echo of His Call** tydskrif en vrywillige gawes van ons liewe vriende soos jy. God het 'n blymoedige gewer lief (2 Korintiërs 9:7). Deur alle middele, ten alle koste, op enige manier (1 Korintiërs 9:22) (A.V.)

in die hoop om nuwe metodes te leer sodat die Heilige Gees op hulle gemeentes sal kom.

Op hierdie tydstip stuur sendingverenigings meer werkers as ooit tevore uit. Hulle oproep het geword, "Ons moet meer mannekrag in die sendingveld kry! Meer gekwalifiseerde manne en vroue word benodig om die nasies vir Christus te wen".

Maar te veel van die sendelinge wat gestuur word, kom binne 'n paar jaar huis toe. Hulle is verslae, ontmoedig, en tot mislukking gebring deur demoniese magte in daardie vreemde nasies. Hoekom? Hulle lewens het nie gestrook met die evangelie wat hulle gepreek het nie! Hulle het nooit eerstehandse kennis ontwikkel van die Heerskappy van Christus of die volheid van die Heilige Gees nie.

Geliefdes, dit neem meer as idees of strategieë om nasies te bereik vir Christus. Al ons planne is tevergeefs as Jesus nie op die troon is in elke gebied van ons lewens nie!

Dit is 'n Tragedie in 'n Tyd wanneer die Antichristelike magte soveel mag bekom!

Nog nooit in die geskiedenis was daar so 'n toeloop van demoniese geeste wat uit die hel stroom nie. En dis alles besig om te gebeur omdat Satan sy demoniese hordes losgelaat het in 'n finale oorlog teen die heiliges!

Maar God word nooit onverhoeds verras deur enigiets wat in ons wêreld gebeur nie. Hy is nie verras deur die aaklige plaag van dwems of die bloedbad van aborsie nie. Wat is dan sy reaksie in hierdie tyd van onrus en ontaarding? Wat stel Hy voor as 'n teenvoeter vir die afval en die groeiende duiwelse krag? Wat sal God doen in so 'n tyd van verval?

Sy antwoord is dieselfde wat dit altyd was – om die oorwinning van Christus op 'n hernude manier na vore te bring. God het altyd gereageer deur 'n nuwe oorblyfsel van manne en vroue op te rig wat 'n suiwer getuienis sal wees vir sy reddende en heiligende krag. Wat ook vandag waar is. Sy plan is om op hierdie toneel van antichristelike aktiwiteit 'n groep van toegewyde, Christus-vervulde oorwinnaars te bring – godvresende manne en vroue wat sal lewe in volkome onderwerping aan sy regering en heerskappy!

Ons sien hierdie patroon dwarsdeur die Bybel!

Dink aan die lot van Israel in Egipte. Die volk van God was in 'n ongelooflike verval, met wydverspreide afvalligheid. Satan was besig om Israel te vertrap, en het die politieke magte van die dag gemanipuleer om wette teen hulle te maak en hulle te vervolg. Die vyand was besig om die spot te dryf met God se getuienis op aarde.

Dit was 'n donker uur in Israelse geskiedenis. En met verloop van tyd het die mense moedeloos geword. Hulle het begin afvallig word en hulle oorgegee aan die plesier en sensualiteit van Egipte. Afgodediens en hoerery het al meer voorgekom. Israel se situasie het hopeloos gelyk. Die volk se geloof was stadigaan besig om dood te gaan.

Wat was God se reaksie op hierdie opkomende mag van duisternis? Het Hy omringende koninkryke opgewek om te dien as sy wapen teen Egipte? Het Hy 'n burgeroorlog onder die Egiptenare laat ontstaan? Het hy wraakengele gestuur? Nee – God het nie een van hierdie dinge gedoen nie. Hy het 'n totaal ander plan gehad. In plaas daarvan het Hy sy hand op een enkele man gelê, en Moses geroep!

Moses was 'n man van gebed, in noue verbintenis met God. Hy het nee gesê vir die aanloklikhede, gemak en versoekings van Egipte, en in plaas daarvan onder volkome heerskappy van die Heilige Gees geleef. Hy het geen agenda of ambisie van sy eie gehad nie. Hy het al sy menslike bekwaamhede laat vaar en vertrou op die groot EK IS as sy enigste Voorsiener en Bron. En hy het van heilige grond gekom, met 'n persoonlike visie van God se heiligheid.

Dus, in die donkerste uur van Israelse geskiedenis, toe dit gelyk het of God se volk sou beswyk voor die vyand, het die Here te midde van dit alles 'n man opgeroep wat sou optree as 'n getuie. En hierdie een man het 'n hele nasie tot 'n val gebring terwyl hy 'n ander een opgerig het. God het dit alles deur een man gedoen!

On sien hierdie selfde plan beliggaam in Samuel

Hier sien ons weer 'n ander generasie van afvalligheid en verval. In dié tyd was die ark nie in Israel nie. Eli, die volk se hoëpriester, was lui en selftevrede, en het sy seuns toegelaat om die priesterskap te laat ontaard. Onder hulle leierskap het afgodediens en hoerery weer volop voorgekom in

... verv. op bls. 6

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Januarie 2021 tot 18 Februarie

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Januarie 19: God het ons Deurnag Nuwejaarsgebed geseën.

Januarie 20: God het ons aktiwiteite gedurende Desembermaand in ons Moederkerk geseën.

Januarie 21: God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

Januarie 22: God het ons gehelp om 'n **Echo of His Call** te begin in 'n taal genaamd Manipuri.

Januarie 23: God het ons aanlyn klasse van ons **St. Paul's Matriculation School**, geseën.

Januarie 24: Laat ons God loof vir die onderwysers van ons St. Paul's Matriculation School.

Januarie 25: Laat ons God loof vir ons BYBELKOR se Korrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensiekursusse.

Januarie 26: Laat ons God prys vir al die mederedakteurs en hulle gesinne.

Januarie 27: Laat ons God loof vir ons visie om die **Echo of His Call** uit te brei na 'n paar ander tale.

Januarie 28: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, lewenvennote, subskripsievennote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

Januarie 29: Laat ons God loof vir die aanvang van ons Bybelkollege.

Januarie 30: God het al ons sendingreise geseën.

Januarie 31: Laat ons God prys vir al ons Koördineerders in die state.

Februarie 01: God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call Bedieninge** in die laaste maand geseën.

Februarie 02: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

Februarie 03: God het nuwe mense na ons Kerk gebring in die laaste maand.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Februarie 04: Bid dat God die nodige fondse sal voorsien vir **Echo of His Call se Bedienings** in 2021.

Februarie 05: dat God ons vriende sal seën wat ons sendingvelde besoek het in 2019.

Februarie 06: dat God julle almal sal seën in die nuwe jaar, 2021.

Februarie 07: Laat ons aanhou bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing.

Februarie 08: Laat ons bid vir Ds. Dr. Rishikanta Sorokhaibam, ons Mederedakteur vir die Manipuri taal.

Februarie 09: dat God die mense sal verlos van dwelmverslawing.

Februarie 10: dat God alle sendelinge wat in afgeleë streke werk, sal beskerm.

Februarie 11: Laat ons bid vir beskerming en God se leiding vir die sendelinge in Noord-Indië.

Februarie 12: Laat ons bid vir die uitroeiingvan corona in alle lande.

Februarie 13: Ons het God se leiding nodig vir ons Evangeliese Drukpers.

Februarie 14: dat die gelowiges van die kerke van alle denominasies liefde onder mekaar sal hê.

Februarie 15: dat God vrede sal gee in die grensgebiede van alle lande.

Februarie 16: dat God 'n nuwe salwing sal stuur op ons instituties en hulle werkers in die nuwe jaar, 2021.

Februarie 17: Ons bid vir al die politieke partye van die wêreld en hulle leiers dat hule die Here sal ken.

Februarie 18: dat ons Here steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin sal beskerm teen alle bose magte.

verv. van bls. 4

die tempel. Maar Eli het so gewoond geraak aan sy lewe van gemak dat hy niks gedoen het om hulle te stop nie.

Op een stadium het die Here die woord "Ikabod" oor die hele godsdiens geskryf, met die betekenis: "Die gees van die Here het vertrek". Weer eens het duiewelse magte groot krag gehad. En vir die natuurlike oog het God se werk so ver agteruitgegaan dat dit onwaarskynlik gelyk het dat dit ooit herstel sou word.

Maar die Here het al die tyd 'n man in plek gehad – 'n klein seuntjie met die naam Samuel. Terwyl al die ampsdraers rondom hom hulleself oorgegee het aan hoerey en vraatsug, was Samuel besig om te leer om God se stem te hoor. En soos hy meer en meer intiem verkeer het met die Here, het die Heilige Gees hom met 'n profetiese woord gevul. Hy het 'n getuienis geword – lewende bewys van die krag van God!

Die Skrif sê dat soos Samuel gegroei het, het nie een van sy woorde onvervuld gebly nie, bedoelende dat hy altyd met krag en gesag gepraat het. En te danke aan sy goddelike gesag was geen nasie vir veertig jaar in staat om 'n hand teen Israel op te lig nie.

Weer eens het die Here 'n enkele man geroep as 'n getuie teenoor 'n hele nasie. God het nie behoefte gehad aan 'n leërmag, enige menslike organisasie, enige "muwe ding" nie. Al wat Hy nodig gehad het, was een regverdige man – iemand wie se dienswerk heeltemal gewy was aan sy heilige leefwyse!

Ons sien hierdie selfde patroon in Nehemia se tyd

In Nehemia se dae was die mure van Jerusalem vervalle, die stad was letterlik 'n hoop klippe. En die kerk was heeltemal vervalle, met geen getuies wat oorgebly het nie. Die goddelosse magte rondom Israel het hulle swaar vervolg, en gespot met elke werk wat hulle probeer aanpak het.

Hoe het God gereageer in so 'n tyd van verval? Het Hy 'n goed opgeleide militêre mag uit Susan gestuur om hulle te help? Het hy 'n paleiswag gestuur om hulle vooraanstaande vyande neer te slaan? Nee, God het weer eens 'n enkele man geroep – Nehemia.

Hier was 'n man met God se las op sy hart. Nehemia het sy tyd deurgebring deur te bid, te vas en te rou, want hy was gebroke oor Israel se toestand. Hy het ook voortdurend in God se Woord gedelf, profesieë aangegryp en in die Gees geleef.

Hoewel Nehemia as die skinker gedien het vir Koning Artaxerxes, het hy hom eenkant gehou van al die goddelooseid wat hom omring het. Te midde van al die sensualiteit, immoraliteit en goddeloosheid wat in Israel plaasgevind het, het hy volgehou met 'n heilige lewenswandel met die Here. En almal wat hom hoor preek het, is op hulle beurt gereinig in hulle harte.

Gou-gou het 'n herlewing van heiligheid oor die land gewaai. "Die priesters en die Leviete het eers hulleself gereinig en daarna die volk, die poorte en die muur" (Nehemia 12:30). Die huis van God is gereinig en alles wat onrein was, is uitgegooi. Nehemia het werkers na die tempel gestuur en vir hulle gesê: "Ek wil elke stukkie onreinheid verwyder hê. Moet niks laat agterbly wat te doen het met sinnelikheid of afgodsdiens nie. Haal alles uit en verbrand dit!"

Geliefdes, dit is God se siening van herlewing! Dit gaan oor die uitvee van elke kamer van jou hart wat onrein en onheilig is. Hy wil geen donker kolle laat oorbly nie!

Waar het Nehemia sulke geestelike gesag gekry om besoedelaars van die tempel uit te gooi? Die koning het dit nie aan hom gegee nie. Geen kerkbiskop het nie. Hy het dit nie in 'n

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

Bybelskool geleer nie.

Nee, Nehemia het hierdie gesag op sy knieë gekry – terwyl hy gebroke was, huilend om God se hart te ken. En omdat hy 'n man van gebed was, kon hy die sondes van 'n hele volk bely: "…luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid. Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig… Ons het U nie geëer nie, ons was ongehoorsaam aan die gebooie, die voorskrifte, die bepalings …" (Nehemia 1:6-7).

Daar is 'n skokkende vertelling van die afval en verval in Esegiël se tyd – en in so 'n tyd het God sy getuienis geword!

In Esegiël se dae was Israel onsedelik en trots. Manne het afskuwelike dinge gedoen met hulle bure se vrouens en selfs hulle skoondogters onteer. Die eens heilige profete het teruggeval en liefhebbers van geld geword en nie meer onderskei tussen wat heilig en onheilig was nie. En die volk se leiers het rasende wolwe geword wat oneerlike wins gesoek het, bloed vergiet het, leuens verkoop het en die armes verdruk het. Dit klink so baie soos ons eie tyd!

Israel het God in so 'n mate vergeet dat die Here vir hulle gesê het, "Die huis van Israel het vir my vuil geword!" Die nasie het so swak, wêrelds en kragteloos geword dat God hulle 'n bespotting vir die sekulêre wêreld laat word het. Hy het gesê, "...Ek maak jou 'n spot onder die nasies; al die lande sal vir jou lag" (Esegiël 22:4).

Wat 'n skroeiende veroordeling! Wat God eintlik vir Israel gesê het, was "Julle het wat heilig is, so verag,en julleself so volkome oorgegee aan wellus, dat ek julle getuienis gaan wegneem!"

Die profeet Esegiël was teen hierdie tyd 'n ou man, net omtrent reg om uit die prentjie te verdwyn. En hoe het God hierdie situasie hanteer? Hy het vir Esegiël gesê, "Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie" (Esegiël 22:30).

Stel julle voor – Israel se lot het berus daarop of God net een regverdige man kon kry om op te steun. Tog het Hy vir Esegiël gesê, " ... maar Ek het niemand gekry nie. Daarom laat Ek my toorn oor hulle losbreek …" (Esegiël 22:30-31).

God het dieselfde vir die profeet Jeremia gesê: "Loop op en af in die strate van Jerusalem, kyk rond en let op; gaan soek op sy pleine of julle daar iemand kry wat reg doen, wat die waarheid soek. Dan sal Ek Jerusalem se sonde vergewe" (Jeremia 5:1). Hy het vir die profeet gesê, "Ek sal die hele volk vergewe as ek net een man kan vind wat in die bres sal tree. Al wat ek soek, is een enkele mens wat geheel en al oorgegee is aan my wil!"

Geliefdes, ons hoor vandag 'n Babel van stemme in die kerk wat roep vir meer relevante, kontemporêre maniere om die wêreld te bereik. En soveel vreemde, vars programme word uitgeprobeer. Maar in my baie jare in die bediening het ek hierdie soort programme gesien kom en gaan. Hulle vertrou heeltemal daarop om die sondige natuur te streel, hulle het niks te doen met die kruis nie. Die skares wat hulle lok lewe leë, onvervulde lewens, want hulle is nog nooit blootgestel aan die evangelie van die afskeiding van die wêreld en sy luste nie. Die wêreld lag vir hierdie programme, en herken hulle as blote dwaasheid.

Enige dominee of promoter kan sulke kaf uitdink. 'n Mens kan soos die duiwel leef en programme gebruik wat skynbaar goddelik is. In feite is al wat jy nodig het om 'n megakerk te bou, is 'n skerp verstand en die strategieë van 'n uitvoerende beampte. Maar as jy dit doen sonder God – sonder sy geregtigheid of heiligheid – sal dit 'n stank in sy neusgate wees. Dis 'n evangelie wat nie steun op ware getuienis nie. Dit het geen krag om iets uit te voer nie!

Ek het ook oor die jare waargeneem dat hoe meer afvallig 'n prediker word, hoe meer wend hy hom na vermaaklikheidsevangelie, en "nuwe werke" om mense te lok. En hy vertrou op getalle en finansies om sy eie sukses te beoordeel. Maar daar is geen getuienis wat sulke werke vergesel nie – want hulle is van 'n ander evangelie, 'n ander Jesus!

'n Werklik godvresende pastoor het net een doel in sy bediening: om nie te rus totdat hy Jesus gekroon het as die Here op elke gebied van sy lewe nie – en sowel homself as sy skape onder die koninklike leiding van die Heilige Gees gebring het!

Enige mens wie we lewe 'n getuienis is vir die bewarende krag van die evangelie sal 'n teiken word vir die woede van Satan!

As jy honger en dors na die volheid van Christus, sal Satan

openlik oorlog teen jou verklaar. As hy bewyse sien dat jou toewyding eg is, -- jou ywer in gebed, jou selfverloëning, -- sal hy elke wapen van die hel gebruik om jou getuienis te probeer vernietig. Hoekom? Daardie getuienis is God se antwoord op afvalligheid en verval!

Dit is waaroor die verhaal van die vuuroond in Daniël gaan. Satan het 'n uitgebreide plan bedink om die enigste getuienis wat nog oor was van God se mag in Babilon te vernietig. Dit het sy toppunt bereik in 'n witwarm oond, bedoel om alle lewende bewys van God se evangeliese waarheid te vernietig.

Drie godvresende jong Israeliete het in hoë regeringsposte in Babel gedien – manne wat lewende getuies was van die evangelie wat hulle verkondig het. Hulle het hulleself afgeskei van die sinnelike leefstyl van Babel en hulle lewens in plaas daarvan gewy aan gebed. Hierdie drie manne was nie profete of priesters nie, maar gewone mense. En hulle het getrou gebly aan God en rein van hart te midde van die afgodiese massas.

Dit het natuurlik Satan se woede ontketen en hy het in die hart van Babel bose koning ingegaan. Dadelik het die koning 'n groot goue beeld laat oprig en verklaar dat dit die amptelike nasionale god is, 'n voorwerrp wat aanbid moes word. Toe het hy elke amptenaar en dienaar van elke nasie onder Babel se mag laat kom, sodat hy hulle kon inlei in die nuwe godsdiens. Wanneer die seremoniële musisek begin, moes elkeen neerbuig voor hierdie nuwe god.

Satan het ook die koning aangehits om 'n groot vuuroond te laat oprig en dit te stook totdat die witwarm vlamme vir almal sigbnaar was. Ek vra julle – hoekom het Satan dit gedoen? Hy het tog sekerlik geweet daar was nie 'n goewerneur, regter of amptenaar in Babel wat die nuwe dekreet sou teenstaan nie. Dit was nie nodig om hulle te verlei of te dreig nie.

Om die waarheid te sê, hulle moes almal stomgeslaan gewees het en gewonder het "Haai, wie sal nou die owerheid uitdaag? Dit gaan goed met ons – ons het voorspoed, kos en drank, die goeie lewe. En hierdie nuwe godsdiens is baie maklik. Wie sal dit nou alles wil opgee?"

Wat was dan die doel van die vuuroond? Dit was geheel en al die werk van Satan – 'n manipulasie wat hy uitgedink het om die drie jong manne te vernietig. Hy wou 'n einde maak aan die enigste oorblywende getuienis van God in Babel!

Die duiwel het sover gegaan om 'n koning korrup te maak saam met sy hele regering net om hierdie drie manne by te kom. Hy het 'n situasie geskep wat so erg was, en waarvan die gevare so groot was dat niemand in sy eie menslike krag – nie eers die godvresende jong manne – daarna kon kyk sonder om te vermurwe nie.

Tog, toe die musiek begin, het hulle nie in aanbidding gebuig nie. Satan was woedend hieroor! En toe kom daar uit die koning se mond die volgende aaklige woorde, "...watter god sal julle uit my mag kan red?" (Daniel 3:15) en hy het opdrag gegee dat die oond sewe maal warmer gemaak moet word as gewoonlik. (Daniël 3:19).

Nou het die duiwel God se dienaars gedreig met die woorde "wie dink julle is julle dat julle die lot kan ontsnap wat ek vir julle voorberei het? Ek gaan julle ombring en julle getuienis heeltemal vernietig!"

So is dit ook vandag: die hitte wat ons moet trotseer, is baie groter as wat dit 'n generasie gelede was. Byvoorbeeld, Satan het die hele tegnologie van ons tyd ingeneem – en dit deurdrenk met verleiding, sinnelikheid, en versoeking. Hoekom moet ons vandag so 'n witwarm vuuroond van versoeking trotseer? Hoekom word wellus en seks vandag gebruik om elke moontlike soort produk te verkoop? Hoekom is daar honderde porno webtuistes op die Internet? Wie is die teiken van hierdie vloed van vuilheid?

Dis sekerlik nie die bose massas nie – hulle wat reeds Satan se kinders is nie, volgens die Skrif. Dit is nie die sekulêre wêreld wat alreeds verlei is nie. Nee, nie een van hierdies is Satan se teiken nie. Hy het eerder die media so gemanipuleer om die harte van oorwinnende Christene te verstrik. Hy wil die getuienis van die evangelie verswak en vernietig!

Op hierdie einste tydstip word die oond sewe keer warmer gemaak in die lewens van baie gelowiges. Satan het situasies geskep in hulle huise, by hulle werkplekke en in hulle verhoudings wat meer intens is as ooit tevore. En baie Christene wat eenmaal sterk was, gee op, verlaat God. Hulle bid nie meer om hulp nie. In plaas daarvan dink hulle, "My versoeking is te intens vir my om dit te oorleef!"

... verv. op bls. 10

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

“ -wie dit lees, moet dit goed begryp- ” Matteus 24:15.

LAAT ONS GOD DANK VIR SY ONUITSPREEKLIKE GAWES!

Die verhaal van die Doopbad

Gedurende die vroeë dae was dit my gewoonte om hard te werk om die ongeredde mense van verskillende kulture en tale te bereik deur die verspreiding van evangeliese literatuur in verskeie tale, persoonlike besoeke, kerkaktiwiteite, gemeenskapsontwikkelingsprogramme, ens. Die Here het my in sy genade gehelp om die lewens van ’n groot aantal mense aan te raak en hulle te doop. Maar ewe skielik het ek nie ’n bad gehad om die doopdienste te hou nie.

Ek het dus private swenbaddens gebruik om doopdienste te hou. Aangesien die aantal nuwe mense wat na vore gekom het om gedoop te word nadat hulle die Here Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser aangeneem het, baie geword het, het die eienaars my belet om verder hulle swembaddens te gebruik. Ek het dus begin om die doopbaddens wat aan ander kerke behoort het, te gebruik vir die doopdienste nadat ek behoorlike verlof van hulle gekry het en ook geld betaal het daarvoor.

Aangesien die aantal mense wat na die Here gekom het by die dag vermeerder het, het die plaaslike kerke my ook as ’n oorlas begin beskou. Uiteindelik het ek ’n senior pastoor van ’n kerk genader en hom gesmeek om my te help om sy doopbad te gebruik. Hy het my ’n tyd lank toegelaat. Een mooi môre het hy my gebel en gesê, “Broer Sam, ek is bly dat God jou gebruik om die evangelie van die Here Jesus Christus na die onbereikbare mense te neem en hulle in ons bad te doop. Maar ek het opgemerk dat jy mense uit verskillende agtergronde inbring en hulle doop. Ek wil nie risiko's neem nie. So, verskoon my asseblief maar ek kan jou nie verder verlof gee om dit te doen nie”.

Ek was baie treurig hieroor aangesien ek vir ’n paar maande geen doopdienste kon hou nie. Maar die nuwe mense het druk op my uitgeoefen om gedoop te word. Eendag in 1980 het ek met ’n swaar las in my hart tot die Here gebid en daarna wou ek nie uit my kamer kom nie en het met my gesig op my gebedsmat gelê aangesien ek nie meer woorde gehad het om te bid nie. Na ’n tyd het die Gees van die Here my besoek en aangemoedig om op te staan en te bid vir groot dinge van die Here. Vervolgens het ek begin bid vir ’n gebou van ons eie om ons kerk te akkommodeer met ’n gerieflike Doopbad, Kantore, Drukpers, woonplek, ens. Die Here het duidelik met my gepraat om gereed te wees om al die geld weg te gee en die eiendom wat tot my beskikking was. Soos die Here gespreek het, het ek alles wat ek gehad het, gegee vir die bediening van God sonder enige aarseling of tweede gedagte. Alhoewel my persoonlike bydrae minder was, het God my geseën om die huidige perseel met alle fasiliteite vir die dienswerk te bekom. Nadat ek die eiendom verkry het, was my eerste prioriteit om die doopbad te bou (soos ons dit vandag het). Wat ’n wonderlike God het ons nie!!

Liewe Vriend, God het jou ook gekies vir ’n spesifieke doel. Moenie jouself onderskat en jou God wat jou geroep het nie. As jy sonder enige selfsug en bose gedagtes na Hom toe gaan soos ’n kind na sy vader, en jou probleme en moeilikhede uitstort aan sy voete, sal jy die wonderlike en ontsagwekkende hand van God in jou lewe sien. Moet dus nie tyd vermors met dink nie. Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees (1 Petrus 1:13-15).

****

'n Vriendelike Versoek

Soos julle almal weet, sukkel ons om te voorsien in verskeie behoeftes, soos die personeel se salarisse, uitgawes vir die aankoop van papier en ook reisuitgawes. Gewoonlik vra ons nie mense om ons te help met ons finansiële behoeftes nie. Maar ons versoek diegene wat waarlik lief is vir hierdie bediening om julle offergawes te stuur deur Phone Pay, NEFT of enige ander manier en ons bediening te ondersteun. Die Here sal julle sekerlik seën. Vir besonderhede, bel +91 9841071858.

Redakteur, Echo of His Call.

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com
JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

verv. van bls. 8

Loof God, hierdie drie manne het hulle getuienis behou en Satan se plan vermorsel!

God het hierdie plan van die duiwel verander in 'n geleentheid om die hele nasie van Babel bloot te stel aan sy getuienis. Omdat die drie jong manne nie wou buig nie, het die Here hulle gered. En hulle het aan die nasie 'n duidelike manifestasie gegee van die Here Jesus Christus!

Die koning van Babel het getuig, "Toe het koning Nebukadnesar verskrik opgespring en vir sy raadgewers gevra: "Het ons dan nie drie manne vasgebind in die oond gegooi nie?" En hulle sê vir hom: "Dit is so, U Majesteit" "Maar ek sien dan vier manne wat vry en ongedeerd rondbeweeg in die vuur, en die vierde lyk soos 'n hemelwese!!"

Skielik het die koning sy eerste dekreet van afgodsaanbidding nietig verklaar. En hy het vinnig 'n nuwe dekreet uitgevaardig: "Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie" (Daniël 3:29).

Geliefdes, dit het alles gebeur vanweë die getuienis van drie manne – regverdiges wat God liefgehad het en wat gewillig was om hulle lewens af te lê vir hulle geloof. Hierdie drie eenvoudige werkende mense was verantwoordelik vir die verandering van die landswette!

Ja, dinge gaan warmer word – ekonomies, fisies, geestelik, verstandelik en op elke ander manier. Maar God het alreeds sy hand geplaas op afgesonderde, godvresende manne en vroue in elke plek. En sy evangelie sal gepreek word as 'n getuienis.

En dan sal die Here kom!

****

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th JANUARY 2021
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**